

**12 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 27**

**Fokusgedeelte: Deut 27:2,14**

### **God se wet om jou te lei**

Wat is die rigsnoer vir ons lewe in hierdie deurmekaar wêreld? God laat Israel deurtrek na die beloofde land. Hy is self in die nuwe en onbekende land teenwoordig. Maar Hy vra gehoorsaamheid aan al sy bevele.

Hulle moes groot klippe opstapel en dit met kalk afwit, want daar moes daarop geskryf word (vs 3) en nie uitgekap word nie (vs 5). Dit was nie klippe wat hulle sou saamdra soos in Eksodus 20 nie. Hierdie “skryf” was ‘n getuienis daar by die intog: Ons maak ‘n nuwe begin met die Here se wet by ons. Dit sal ons rigsnoer wees. Israel moes hulle deur die wet laat lei. Die wet van die Here het strale wat in ons lewe skyn sodat ons die pad kan sien waarvolgens ons moet loop. Ons moet ons steeds deur dié ligglans laat lei. “Want dit maak my onrus stil om in my bedryf en handel so te wandel soos God wil” (Ps 119:42).

Leef daarom met die wet van die Here op die tafel van jou hart. Maar die wet is nie net op die witgekalkte klippe geskryf nie, dit word ook hardop deur die Leviete uitgeroep (vs 14) met die woorde: “Daar rus ‘n vloek op...” Dit is harde woorde want God is ernstig met sy wet. En tog, wie roep so daar? Dit is nie Moses nie, maar die Leviete – hulle wat die offers gebring het en wat die ark gedra het, die ark met die versoendeksel. Hierin lê sy grootheid en genade. Die wet is nie net toorn en straf nie, maar ook genade en versoening. Die wet lei jou juis na Jesus en na die kruis toe. God is groot!

*Sing: Psalm 92:2,3*

*Ds LD Aucamp (Cullinan)*